Oordenking
28 Oktober 2009

NOG NIE VOLMAAK NIE?
Moenie vandag iets onnosel aanvang nie!

'n Kerk-lidmaat pleeg selfmoord. 'n Lidmaat, ouderling of predikant pleeg owerspel. 'n Christen word aangekla vir diefstal. 'n Teoloog word gevang met kinderpornografie op sy rekenaar!
Mens vra: "Hoe is dit moontlik?" "Hoe kan 'n gelowige so iets aanvang?" "Hoe kon dit gebeur?"

Al die bogenoemde het alreeds vanjaar in SA gebeur. Hoe verduidelik ons dit dat Christene aaklige goed doen?
En dis nie die laaste keer dat dié vrae gevra sal word nie. Dit word reeds sedert die tyd van die Apostels gevra.

Maar dink aan Abraham, die geloofsheld wat uit vrees vir Farao gelieg het en gesê het sy vrou is sy suster. Die heiden moes vir hom vra: "Hoe kon jy, 'n kind van God, dit aan my doen. (Gen 12:18)
En Dawid - gesalfde koning in diens van God - maar ook 'n owerspeler en moordenaar.
Wat van Petrus? Jesus het hom geprys as 'n rots waarop Hy sy kerk gaan bou omdat Petrus Jesus as Christus bely het. Maar Petrus het Jesus ook 3 maal verloën. Hoe is dit moontlik dat selfs geloofshelde sulke aaklige dinge doen?

Die enigste manier om enige sin hiervan te maak, is om te verstaan wat die kerkvaders *die "volharding van die gelowiges"* genoem het. Christene word geroep om in die geloof en verlossing te volhard. Anders gesê: *God bewaar sy kinders,* **sodat wanneer hulle val, hulle nie verlore raak nie!**

Die volharding van gelowiges kan dus ook die bewaring van die gelowiges genoem word. God se bewaring van die gelowiges word sigbaar in die volharding van die gelowiges in geloof en redding deur die genade van God - ook wanneer hulle aaklige dinge doen!

Dink 'n bietjie oor hierdie storie: *'n Baie ou man kap hout vir sy huis. Toe hy die bondel probeer optel, is dit heeltemal te swaar vir hom om te dra. Toe kap hy nog hout by, sit dit by die bondel en probeer dit toe dra. Hy kry dit nie reg nie, en plaas toe nog gekapte hout by. Uiteindelik is hy so moeg, dat hy tydens 'n laaste poging om die al hoe groter bondel te probeer optel, omval en van uitputting sterf.*

In die beeld van die dwase ou man sien ons diegene wat, al dra hulle swaar aan 'n drag sonde, en bewus word van hul swakheid, <u>steeds probeer om hulleself te red</u> en in die proses niks meer bereik nie as om die las net al hoe swaarder te maak. Hulle probeer hulleself red. Hulle wil Self volhard, en sodoende maak hulle net die dra van hulle sonde al hoe meer onmoontlik. Uiteindelik, met geen sigbare heerlikheid in die vooruitsig nie, gaan lê hulle om geestelik te sterf.

Wat is 'n ware Christen dan? Wie word deur God in hulle geloof en verlossing bewaar?
Is dit hulle wat reeds volmaak geword het?? Nee!
Nee, dis hulle wat deur God geroep is, 'n verhouding met Christus het en deur die Gees nuutgemaak is en vry gemaak is van die tirannie van sonde.
Maar waarom het opregte Christene dan bewaring nodig?
Want hulle is nog nie volmaak nie. Hulle ly nog onder die swaar las van sondaar wees. Al is mens 'n Christen, vang jy nog soms baie dom goed aan!

Paulus praat openhartig hieroor in Romeine 7. (Lees gerus die hele hoofstuk!) Hy het ook, as Christen, met sonde gesukkel en geworstel. Ons het al almal sy woorde aan die einde van hierdie hoofstuk gehoor:

Ek haal die letterlike 1953 vertaling aan van *Rom 7:15,19, 24, 25: Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.*
Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?
Ek dank God - deur Jesus Christus, onse Here!

Luister nou hierna! *Daar was 'n gebruik in Paulus se tyd om 'n lyk van 'n gevalle soldaat op die rug van 'n krygsgevangene vas te maak, sodat hy die kan weghardloop nie.* **Hy moes 'n lyk saamdra, 'n "liggaam van die dood"!**

Paulus vergelyk sy worsteling met sy persoonlike sonde hiermee – om ‘n lyk, ‘n liggaam van die dood, met hom te moet saamdra. Daarom sy vraag " *Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?* En Paulus ken die antwoord: " *Ek dank God - deur Jesus Christus, onse Here!”* (Rom 7:25).

Dit alles vertel van ‘n aaklige ding in Christene se lewe. Hulle kan diep binne heeltemal verdeeld wees. Ware geloof en boosheid bestaan in dieselfde hart. Dit verklaar wat met Abraham, Dawid en Petrus gebeur het. Dit verklaar ook waarom selfs prominente Christene dikwels hulleself, die kerk en hulle Here tot groot verleentheid is!

Daarom het Christene die bewaring van die genade van God in hulle harte en lewens nodig, want in hul eie krag sal hulle wegval van die Here en sy goedheid. Die “liggaam van hierdie dood” - die sonde-lyk – word eenvoudig vir ons heeltemal te swaar om te dra.

Maar die goeie nuus is dat God sy kinders bewaar. Hulle is nog nie volmaak nie. God moet hulle in die geloof en verlossing bewaar, sodat hulle deur dié genade kan volhard daarin om kinders van God te wees!

Het jy dalk iets aaklig gedoen en jy kan nie meer daarmee saamleef nie? Is jy siek van skaam kry, skuldgevoelens en vrees?
Jy is mos ‘n gelowige - reg? Wel geloof is ‘n baie goeie ding wat help. Maar dis nie genoeg nie.
Jy het God se ontferming en genade nodig. Jy het hulp nodig en dis beskikbaar! *Ek dank God - deur Jesus Christus, onse Here!”* (Rom 7:25). Jesus kan! Net Jesus kan!!

Jy hoef nie iets onnosel aan te vang nie!
Roep na Jesus! Vra Hom om jou te help om van die “lyk van sonde” wat jy saamdra ontslae te raak.
Jy het God nodig! God kan jou skuld, skaam wees en vrees vandag nog wegneem.
Kom bid saam met my, of enige Christen vriend!

GOD BEWAAR JOU VIR SY KONINKRYK. Daarom is jy in staat om as Christen te volhard – ten spyte van jou onvolmaaktheid.

Dank God – Jesus kan jou vry maak van die liggaam van die dood. Jesus kan jou met enige iets help!